of 400 men, a shortage of ammunition and a surplus of malaria, ordered the evacuation of all Europeans. As they moved out, so the Bavendas marched in and destroyed the town which was never re-occupied.

Like many of the Portuguese traders in the early days of the Transvaal, Bras Pereira was an ivory trader at Schoemansdal and probably continued that occupation in Pretoria.

Bras Pereira appears to have been well known, but his son, P. F. R. Pereira, who died recently, was something of a hermit and was hardly known except to a few immediate friends. The only occasions on which I ever saw his name in the press was when he sent a donation to some charity.

About 50 years ago a colleague of mine lived near Fountain Lodge and became friendly with Mr. P. F. R. Pereira who told my friend that when the house was first occupied, his father had a fence of elephant tusks round the property. It was before the son's time, but if correct, the demand for and price of ivory in those days would have made it an expensive fence.

—C. J. BEANES.

# DIE KRONIEKE VAN WALLMANNSTHAL

T. S. VAN ROOYEN

II.

*In ons vorige uitgawe het ons aan die hand van die „Kronieke van Walmannsthal", 'n kort beskrywing gegee van die stigting van hierdie sendingstasie asook 'n oorsig gegee van die werksaamhede van eerw. Knothe aldaar. Hieronder volg nou uittreksels uit briewe en koeranberigte wat ons 'n meer besondere weergawe gee van eerwaarde Knothe se arbeid onder die naturelle sowat 17 myl van ons hoofstad af gedurende die laaste dertig jaar van die vorige eeu. Die hoofstukindeling en opskrifte is dié van Dr. G. Knothe, seun van eerwaarde Knothe wat die Kronieke saamgestel het.*

## I. Afskeid van Pretoria en moeilike Aanvang van die Werksaamhede te Wallmannsthal. Beskrywing van die Toestande te Wallmannsthal.

Op die 13de Maart 1870 het Knothe alleen uit Pretoria vertrek. Sy familie sou eers op die 19de April 1870 hul by hom op die sendingstasie

voeg. Te Wallmannsthal aangekom, het hy besef dat daar swaar arbeid vir hom voor die deur staan voordat die stasie aan sy doel sou kon beantwoord. 'n Kombuis moes ten eerste gebou word, terwyl daar teen die termiete wat reeds byna al die houtwerk van die bestaande huisie afgevreet het, 'n vernietigingsoorlog gevoer moes word. Nadat alles tot 'n mate woonbaar ingerig is, het hy sy familie op die 19de April in Pretoria gaan haal. Sonsondergang daardie selfde dag het eerwaarde Knothe en sy familie by Wallmannsthal aangekom. By hul aankoms is hulle hartlik deur die naturellegemeentelede verwelkom. Koring en suikerriet was hul verwelkomingsgeskenke.

Die eerste taak wat op eerw. Knothe gewag het, was om die stasie uit te bou. Die volgende is 'n aanhaling uit een van sy briewe en gee ons enigsins 'n idee van hoe die stasie daar uitgesien het by sy aankoms: „'n Groot huis wat meer na 'n ruïne gelyk het as iets anders, staan teen 'n heuwel. Die kaal half ingevalle mure bied 'n pragtige uitsig na 'n noordelike tafelland. Die loop van die Pienaarsrivier is met die blote oog vir myle sigbaar. Enige honderde treë agter die huis is daar 'n statjie bestaande uit sewe hutte. Die naturelle wat daar woon was die plaasarbeiders van die vroeëre eienaar van hierdie plaas. Oos van die huis sowat 100 treë verwyder, staan 'n klein huisie wat ook die ergste tekens van verval toon. Die inwoners van dié huisie is slange, akkedisse, muise en miere. Die doringveld begin dig by hierdie huisie en strek wyd so ver as die oog kan sien na die Ooste, Suide en Noord-Ooste."

Wetgewing i.v.m. naturelle-aangeleenthede wat deur die Republikeinse Regering in Pretoria aangeneem is, dreig om die sendingwerk te verongeluk. Die „inboek"-stelsel is niks anders as verhulde slawerny nie. Sommige van die Boere is die sendingwerk vyandiggesind. Hulle beskou die naturelle as 'n kruis tussen 'n aap en 'n mens! 'n Boerekommando het Wallmannsthal besoek en ge-eis dat die stasie gesluit word. Eerw. Knothe se beroep op die Regering het gelukkig geslaag en is hierdie bedreiging afgeweer.

Gedurende November 1870 het 'n onverwagse gebeurtenis plaasgevind. Dit het 'n storm oor Wallmannsthal laat toesak wat die ontwikkeling van Wallmannsthal kon vertraag het asook eerw. Knothe se hoop, ja selfs die stasie, met vernietiging bedreig het. Nadat die Boere hul vroeëre inboekstelsel opgehef het, het hulle 'n nuwe wet gemaak waarvolgens nie meer as 5 naturelle-families op 'n plaas toegelaat sou word nie. Daarby sou elke naturel 'n belasting moes betaal. Naturelle wat hul buite die lokasies bevind het, sou verplig wees om by 'n boer op 'n plaas te gaan werk. As hierdie wet konsekwent toegepas sou word, dan sou die bloeiende sendingwerk van die sendelinge met een hou vernietig gewees het. Dit is alleenlik aan die energieke optrede van Knothe te danke dat hierdie gevaar vir Wallmannsthal en die ander sendinggemeentes in Transvaal afgeweer is.

In die „Missionsberichten" van 1871, bladsy 363, word hierdie gebeurtenisse as volg meegedeel:



*Hierdie ou akkerboom is omstreeks 1871 deur eerw. Knothe geplant. Op die agtergrond tussen die bome kan 'n gedeelte van die ou sendinghuis gesien word.*

„Vroeër het die tradisionele gebruik bestaan dat elke Boer die reg gehad het om van die naturelle wat hulle op sy plaas bevind het, te dwing om in sy diens te tree. Somtyds het dit egter gebeur dat Boere diensbodes verkry het deurdat hulle naturellekinders gekoop het en hulle dan as „weeskinders" vir hul onderhoud, op die plase laat werk het. Hierdie kinders moes dan tot hul 20ste of 25ste jaar sonder vergoeding in diens van die Boer bly. Aangesien hierdie stelsel niks anders was as bedekte slawerny nie, het die Britte ernstige kritiek daarteen geopper met die gevolg dat dit vir etlike jare afgeskaf is.

„Verlede jaar het die Boere egter 'n nuwe wet aangeneem wat daarop neergekom het dat aan elke blanke die vergunning verleen sou word om tot 5 naturellefamilies in hul diens te betrek. Elke naturel is verder verplig om tot die diens van een of ander blanke toe te tree en ook om opgaaf te betaal. Hierdie wet het nie tot die guns van die sendingstasie gestrek nie. Dit sou blykbaar onmoontlik wees om meer as 5 naturellegesinne op die stasie te laat woon. Dit het dus daarop neergekom dat sendingwerk voortaan in Transvaal beëindig moes word, want dit sou tog onmoontlik wees om vir elke 5 naturelle-families een sendeling uit te stuur en te besoldig.

„Dit is seker dat goedgesinde Boere asook die Regering wat uitdruklik verklaar het dat hulle die sending goedgesind is, nie bedoel het om met hierdie wet sendingwerk te vernietig nie, maar die strekking van die wet en die moontlike toepassing daarvan, het 'n barbaarse bedreiging vir die sending ingehou. As die konsekwente toepassing van die wet onder beskaafde volkere bekend sou word, dan sou waarlik geen opgevoede mens daaraan kon dink om die Transvaalse Republiek wat voorgee beskaafd te wees, as 'n beskaafde Regering te erken nie. As dit nie die bedoeling was om hierdie wet op die sendingstasies toe te pas nie, dan kan daar gekonstateer word dat daar tog Boere is, behalwe natuurlik dié paar welwillende Christene, wat die sendingwerk soos gif haat, wat die toekenning van enige menseregte aan en die deelname in die seëninge van die Evangelie deur die naturelle met alle mag sou teëgaan. By hierdie oorwegend onchristelike gedeelte van die bevolking moet verder bygevoeg word 'n groep werklike christengesinde Boere wat egter nogtans glo dat die swartes, indien hulle nie 'n kruising tussen 'n aap en 'n mens is nie, hulle nogtans afstammelinge van Gam se geslag is, en dus deur God self daartoe bestem is om 'n kneg van die Boere te wees. Sommige meen die swartes is nakomelinge van Kanaan, wat vir uitroeiing deur die Israeliete, God se uitverkore volk, (daarby sluit hulle in alle blankes) bestem is.

„As dit laasgenoemde twee groepe sou geluk om tydelik die hef in die hande te kry, dan kon hulle op grond daarvan dat die wet geen uitsondering ten gunste van die sendelinge maak nie, ons gesamentlike sendingwerk op grond van die wet, 'n dodelike hou toedien. En 'n poging in dié rigting is dan ook verlede November gemaak.

„Op Maandag, 8 November het 'n Boere-kommando, aangevoer deur

'n kommandant en voorsien van instruksies afkomstig van kommandant-generaal Kruger, by die stasie opgedaag. Sonder om ons eiendomsreg as eienaars van Wallmannsthal in ag te neem, het hulle 'n opname van die naturelle gemaak en as diensbodes onder die omliggende Boere begin verdeel. Aan Knothe is meegedeel dat hy alleenlik 5 families kon behou. Die origes moes by ander in diens tree aangesien hulle tog vroeër op Boere se plase gewoon het. As die naturelle weier om te gaan, sou elkeen met tien, ses of vyf pond beboet word. Johannes, hul kaptein, sou met £15 beboet word. Die boete moes binne twaalf uur betaal word. Eerw Knothe kon die uitvoering van hierdie maatreël alleenlik daardeur verhoed dat hy persoonlik borg gestaan het vir die uitbetaling van die strafgeld en daarna persoonlik hulp by die Regering gaan soek het.

„Knothe se petisie aan die Regering was gelukkig geslaagd en sou die inwoners van Wallmannsthal op die sendingstasie kan bly. Die dreigende storm is afgeweer!"

**Uittreksels uit 'n brief aan 'n vriend, 30 Junie 1873:**

„Met my sendingwerk vorder dit stadig maar seker. Immer meer persone meld hul vir dooponderrig aan. Kaptein Papo by wie ek in 1865 'n stasie wou oprig, en wat my nie alleen verdryf het nie, maar ook wou vermoor, is nog steeds vyandiggesind. My arbeid by hom was egter nie sonder resultaat nie, aangesien Gods Woord ook by sommige van sy volgelinge ingeslaan het. Baie van hulle het hul in tussentyd bekeer. Aangesien Papo sendingwerk in sy gebied belet het, het baie van hierdie bekeerlinge van hom af weg getrek en hul te Wallmannsthal gevestig. Van tyd tot tyd het hele groepe van Papo se volgelinge hierheen getrek. Gevolglik het 'n taamlike groot stat hier by my ontstaan. Daaroor het Papo natuurlik vuur en swael gespoeg. Wallmannsthal het vir sommige van sy volk dieselfde geword as Bothsabelo vir Sekukuni se volk nl. 'n samelpunt en toevlugsoord vir diegene wat uit hoofde van hul geloof, vervolg en verdryf word. In Oktober 1869 het hy selfs van sy soldate hierheen gestuur om 'n vrou wat tot bekering gekom het, met geweld na hom terug te bring. Hulle moes egter onverrigtersake terugkeer. Kort daarna het twee van sy afgesante hier verskyn. Hulle het gedreig dat Papo die stasie sou afbrand en my vermoor aangesien ek hom beledig het.

„In sy haat teen die Christendom het hy ook probeer gebruik maak van sy towermiddels om sodoende die ‚gif van die geloof' onskadelik te maak. Toe hy hoor dat een van sy onderdane weer kerk toe gegaan het, het hy hom laat roep en beveel om 'n toordrank te drink. Toe hy dit weier, het Papo hom op die grond laat gooi en die drank met geweld by sy mond ingeforseer. Papo het naamlik geglo dat ek dié persone wat na my gekom het, 'n toordrankie ingegee het om hulle sodoende te bekeer! Deur sy teenmiddel het hy gepoog om die werking van my toordrankie

te neutraliseer of te besweer. Dit het hom egter alles niks gebaat nie en het waarskynlik alleenlik die teenoorgestelde uitwerking gehad aangesien die bekeerlinge blyke gegee het van 'n inniger en vaster geloofsvertroue as voorheen.

„'n Paar maande gelede het een van Papo se jong manne uit die Kaapkolonie, waar hy tot die Christendom bekeer is, teruggekeer. Nadat hy 'n tyd lank op hierdie stasie vertoef het, het hy lus gevoel om ten minste een besoek aan sy eertydse vaderland af te lê. By Papo aangekom, wou Papo weet of hy 'n geweer uit die Kolonie saamgebring het.

Makororo (die jongman) sê toe „nee."

Papo: „Wat het jy dan saam gebring?"

Makororo: „'n Bybel, aangesien ek 'n Christen geword het."

Daarop het Papo, buite homself van woede, geantwoord en gesê dat Makororo na die land van waar hy gekom het, moes terug keer sodat hy nie al sy volgelinge kon verderf nie. Ook die ander oorgeblewe Christene is beveel om sy land te verlaat aangesien die God van die blankes nie daar aanbid kan word nie. Die Sondag daarop het die paar Christene hul diens nie soos gewoonlik in die kraal gehou nie, maar buite in die veld. Daardie Maandag het Papo hulle weer laat roep en gesê: „Dit is goed so dat julle jul gebede buite in die veld gaan opsê het, aangesien hier 'n ander God as jul s'n regeer. Dit is egter nie genoeg nie. Wil julle hier bly, bring my dan al jul boeke sodat ek dit hier op die vuur tot as kan laat verbrand."

„Toe hulle hierdie bevel weier, het hy hulle verdryf uit sy land. Sommige van hulle het na Mpajlele gevlug, terwyl ander by Matlala skuiling gaan soek het. Na 'n ruk, hoe lank weet ek nie nou nie, het hulle na hul land terug gekeer met die hoop dat Papo se toorn midlerwyl verdwyn het. Papo het hulle egter onmiddellik voor hom laat roep en gesê: „Dink tog nie dat ek met julle die gek geskeer het nie. As julle Madjakane (blankes) wil wees, dan het jul verblyf hier ten einde geloop. Gaan na meneer Knothe en sê aan hom dat julle verdorwe mense is. Met julle wil ek niks meer te doen hê nie. Vir hom is julle goed genoeg, maar ek sweer julle nou af" . . . .

„Ook die twee kapteins Johannes Kekana en Molebeledi besorg my veel sorge. Eersgenoemde is 'n broersseun van Papo. Soos ek reeds voorheen aan jou geskryf het, het Johannes my in die verlede veel vreugde verskaf en is hy in Pretoria deur my gedoop. Hy het hom ook daarvoor beywer dat sy volgelinge die Evangelie aanvaar. Ek het my egter bitterlik in hom vergis. Nie alleen het hy hom aan die drank verslaaf nie, maar het daarby aan ons baie kommer besorg. Deur hoogmoedige gedagtes aangespoor, het hy opstandig geword en het teen my geïntrigeer met die doel om sy aansien onder die naturelle te laat toeneem. Hy het steeds dieper gedaal en sal seker die stasie met 'n gedeelte van sy volgelinge verlaat, aangesien hy reeds telkemale te kenne gegee het dat hy wou trek. As

hy hierdie dreigement uitvoer, sal my gemeente ietwat krimp maar ek kan egter op uitkoms staat maak, aangesien kaptein Selape reeds die gedagte uitgespreek het dat hy met al sy volgelinge hierheen wil trek."

„Ook Molebeledi het afvallig geword. Ek het reeds gehoop dat ek hom sou kon doop, veral nadat hy al sy vrouens behalwe een, verlaat het, en daardeur die grootste offer gebring het wat 'n heiden vir die geloof kan bring. Maar nou het die duiwel egter in hom gevaar en het hy uit gekrenkte trots, tot die heidendom teruggekeer. Ek het naamlik die fout, in sy oë altans, begaan om een van sy eertydse vrouens voor hom te doop aangesien hy self nog nie daarvoor ryp genoeg geag is nie. Nou het hy my bitterste vyand geword en agiteer ook teen my. Hy wou selfs sy bekeerde seun Jesaja vergewe en het hom terstond uit sy kraal uit weg gejaag. Verder het hy sy vrou Sara belet om in sy huis te bid of om die kerk te besoek. Ook die kinders wat nog steeds die kerkdienste en ook gedeeltelik die skool besoek het, het hy met geweld terug gehou. Ja, hy verbied hul selfs om geestelike liedere in sy kraal te sing. Twee meidjies het na my toe gevlug aangesien hy hul met verkragting gedreig het . . . . "

(*Word vervolg*).

---

# KORRESPONDENSIE

**Brief van oud-Regter W. E. Bok.**

Die Redakteur,

Pretoriana.

Met belangstelling het ek in u laaste uitgawe die „Herinneringe" van die heer L. R. Middelberg gelees. Ek wil egter daarop wys dat die heer Middelberg sig vergis wanneer hy meen dat die Staatsgimnasium in die begin gehuisves was in 'n woonhuis op die Kerkplein waar die Reserwebank nou staan. Die eerste tuiste van die Staatsgimnasium was op die ander hoek van die plein, waar die Paleis van Justisie nou staan. Aan die westekant van daardie woonhuis in dieselfde blok, was daar net een geboutjie — en dit was, as ek my goed herinner, die laboratorium van die oude heer Fockers.

W. E. BOK.

(Ons het hierdie brief aan mnr. Middelberg voorgelê en hy gee toe dat hy hom vergis het en dat regter Bok dus gelyk het.—Red.).